AANKONDIGINGE

25 NOVEMBER 2018

✉ Posbus 272 ☎ 021 903 3818 E-pos adres: ngkeike@cybersmart.co.za
Kuilsrivier Faks 021 903 9541 info@ngkeike.co.za
Webwerf : www.ngkeike.co.za

Kantoorure: Maandag tot Vrydag 08:00 – 12:00
Bankbesonderhede: ABSA – takkode 632005; Rekeningnommer 3010590069

Leraars:	Ds. H Burger	Ds. C Barnardo	Ds. J Morkel	Ds. J Viljoen
	☎ 021 903 1798	021 982 7076	021 903 6654	084 383 7427

Saakgelastigde	Mariana van Schalkwyk	☎ 021 903 3818
Sekretaresse	Cathy Fullard	☎ 021 903 3818
Koster	Tim Burrows	☎ 021 903 3818 of 082 444 5677 koster@ngkeike.co.za
Kinderkerk	Riëtta Odendal	☎ 021 903 4963
Snr Kategese	Franci Gresse	☎ 082 891 2384
Orrelis	René Ferreira	☎ 021 981 4806 (h)

W E L K O M B Y D I E E R E D I E N S !

NUWE INTREKKERS : Baie welkom in die gemeente.

By die deure is nuwe intrekkervorms beskikbaar. Voltooi dit asb. sodat ons jou kan kontak.

VANDAG SE PROGRAM

SEWE-EN-TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

Tyd	Diens/Geleentheid	Prediker/Lokaal
08:30	Samekoms van kerkraadslede	Koster se kantoor
09:00	**BIDDAG IN AANSLUITING BY WêRELDVIGSDAG** **DANKBAARHEIDSONDAG** **EREDIENS** Deuroffer: Christen-Vigsburo SA Erediensspan 2 – Charl van Zyl	Ds. Jandré Viljoen
09:00	Kinderkerk en jnr kategese	Konsistorie en verskeie ander lokale
18:00	Senior kategese (gr. 7 tot 10) Belydenisklas (gr.11)	
19:00	KERSSANGDIENS Verversings in saal na afloop van diens	

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK:
VIGS - pasiënte

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK:
Luk 21:25-36; Jer 33:14-16; Ps 25:1-10; 1 Tess 3:9-13

MAANDAG, 26 NOVEMBER
19:00 Sportmanne Bybelstudie – byeenkoms in konsistorie 19:00 Vrouelidmate Bybelstudie – byeenkoms in Moederskamer
DINSDAG, 27 NOVEMBER
09:30 Senior Burgers Bybelstudie – byeenkoms in konsistorie 19:00 Pannie se kleingroep – byeenkoms by Pannie se huis
WOENSDAG, 28 NOVEMBER
09:30 SURVIVOR Groep – byeenkoms in konsistorie 09:30 Othello Bybelstudie – byeenkoms in die kroeg by Desdemona
DONDERDAG, 29 NOVEMBER
09:30 Dienssentrum vir Seniors – Afsluiting: Kerssang Sopkombuis: Dienie du Plooy, Louis van Eeden, Hanlie vd Westhuizen, Hermien de Kock, Estelle Snyman, Doreen Viola
VRYDAG, 30 NOVEMBER
18:00 Grease Movie aand
SATERDAG, 1 DESEMBER
SONDAG, 2 DESEMBER
EERSTE SONDAG VAN ADVENT 09:00 Oggenddiens Nuwe Intrekkerstee Deuroffer: VCSV Erediensspan 3 – Johan Norman 09:00 Kinderkerk en jnr kategese in konsistorie 18:00 Aanddiens - belydenisaflegging 19:00 Snr kategese

VANDAG SE DEUROFFER

CHRISTEN-VIGSBURO SA

Die Christen-Vigsburo vir Suidelike Afrika te Hugenote Kollege (CABSA) is in Julie 2001 gestig met die duidelike visie en missie om kerke en geloofsgemeenskappe in hulle respons op MIV en vigs te begelei deur voorsiening van inligting, sensitisering, mobilisering en die bevordering van netwerke. So word die visie van 'n versorgende Christengemeenskap wat hoop en versoening bied aan mense wat met MIV en vigs leef en direk daardeur geaffekteer word, nagestreef.

Vir meer inligting oor hul werksaamhede, besoek hul webwerf www.cabsa.org.za.
Telefoon: 021 873 0028

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

25/11 Lizelle van Tonder, Hannelie van Zyl, Helen Lintvelt, Ronel Hunter
26/11 Wilma Groenewald, Banie Steyn, Wena Groenewald, Ewis Pienaar
27/11 Callie van der Merwe, Meta van Deventer, Jenine Westenberg, Elmarene Fischer, Rollie Schoeman, Francois Hagen
28/11 Christiaan Coetzee, Denel le Roux, Jocelyn Rabie, André du Toit
29/11 Lynne Nel, Jo-Anne Eksteen, Christa Smit, Elzaan Swart, Dylan Coetzee, Hanna Fourie
30/11 Lyzette Snyder, Thys du Preez, Danika Bruwer, Ruan de Mon
01/12 Jhano van der Westhuyzen, Anru Marais, Elsa Smuts

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Om jou kruis op te neem en agter Jesus aan te gaan, is nie 'n eenmalige heldedaad nie. Dit is die jare lange volgehoue doen van klein dade van liefde en opoffering wat dikwels vir ons heel onsmaaklik is.

JOHN HENRY NEWMAN (1801 – 1890)

DANKSEGGING EN VOORBIDDING

1. Tannie Anna Jacobs (Othello) se broer is oorlede.
2. Tiaan en Laza Smith (Brackenfell) se dogter Zané is in die Hospitaal. Sy is Johnny en Alet Wassung (Othello) se kleindogter.
3. Sarie Donaggi (Othello) sterk aan na 'n operasie in die hospitaal.
4. Martie Joubert (Othello) sterk tuis aan na 'n operasie.
5. Elize Booyens (Othello) sterk aan in Intercare na 'n operasie.
6. Dit gaan nie goed met Tom en Angelien Geldenhuys (Othello) se gesondheid nie.
7. Flip Hugo (Waterbessie straat) het 'n groot rugoperasie ondergaan en is tans in die intensiewe sorg.
8. Jean Snyman (Suni slot 9) en Sumalene Theart (Oudeboom singel 32) se ma het 'n terugslag i.t.v. haar gesondheid gehad.

VAN ALLES EN NOG WAT

1. Versoeke vir gebedsvoorbidding kan deurgegee word na enige van die gebedsgroepe by die volgende lidmate: Lerina Venter (021 903 9069) en Marita Koen (021 903 7820).
2. Liedere Versoekboek: indien daar ‘n spesiale lied is wat jy graag wil hê die gemeente moet sing, skryf dit gerus in die versoekboek wat in die vakkie in die voorportaal is.
3. Die Mediasentrum is gedurende die skoolkwartale elke Sondag na die oggenddiens oop.
4. Lidmate is steeds welkom om tweedehandse klere, beddegoed, ens. na die kerk te bring vir die klerebank. Daar is tans veral ‘n behoefte aan mansklere, maar enigiets is welkom. Boeke en tydskrifte word ook benodig.
5. Let asb. daarop dat die senior kategese vanaand reeds om 18:00 plaasvind as gevolg van die KERSSANGDIENS om 19:00.
6. Tydens die kerkraadsvergadering van 21 November 2018 is Johan Bezuidenhout gekies as blokleier van D blok.
7. Die 2019 almanak is versprei na die dienswerkers en sal eersdaags by alle besoekpunte afgegee word. Lidmate wat buite die bedieningsgrense bly en nie deur ‘n dienswerker besoek word nie, is welkom om een by die kerkkantoor af te haal.
8. Ds. Chris is die naweek af.

DS. JANDRé AFSKEID

Ds. Jandré se afskeid is op Sondag 9 Desember 2018 tydens die oggenddiens. Hy sal sy afskeidspreek by die geleentheid lewer. Daar sal ‘n geselligheid in die kerksaal wees na afloop van die diens.

Die kategese en aanddiens vir daardie dag gaan gekanselleer word. Ons nooi dus alle lidmate, jonk en oud, na die geleentheid die oggend.

LEGKAART VAN HOOP

Ons wil almal aanmoedig om betrokke te raak by die “Legkaart van Hoop”- projek.

Die fondse word gebruik om die gemeente se getuienisaksies te befonds. Die aankoop van ‘n legkaartstukkie maak dit dus moontlik dat ons gemeente betrokke bly in God se werk.

‘n Legkaartstukkie kos R100.

Ons het die afgelope week geen stukkies verkoop en die totaal is steeds 294 van 2000.

KERSSANGDIENS

En toe sien hulle ‘n Ster……. Kersspel deur Adinda Vermaak

by ons KERSUITVOERING op 25 NOVEMBER 2018 om 19:00

Kom vroeg, kom SING, kom luister na pragtige koorsang en instrumente.

Bring ‘n kers saam om aan te steek wanneer ons Stille Nag sing.

‘n Kollekte ten bate van die gemeente se projekte vir minder bevoorregte kinders sal opgeneem word by die deure.

ALMAL HARTLIK WELKOM!!

KERSGESKENKE

Ons wil graag vanjaar weer vir die kinders van Kayamandi en Koelenhof kersgeskenke gee. Hierdie is beide baie arm gemeenskappe en vir baie kinders is ons geskenk dalk die enigste wat hulle gaan kry.

Neem ‘n kaartjie van die bome in die voorportale en koop ‘n geskenk volgens die geslag en ouderdom op die kaartjie. Die geskenk moet asb nie meer as R100 wees nie. Plak die kaartjie op die geskenk en bring dit na die erediens of kerkkantoor teen 4 Desember 2018.

Baie dankie aan almal wat ‘n verskil in die kinders se lewe gaan maak

DE EIKE KOSKAS

Bydraes vir die koskas kan in die mandjies by die deure geplaas word of by die kerkkantoor afgegee word. Enige nie-bederfbare kos, skoonmaakmiddels, toiletware, ens is welkom.

SKOOLSKOENPROJEK – BOTTELARY LAERSKOOL

Dit het onder ons aandag gekom dat daar bittere armoede heers by die Bottelary Laerskool. Die kinders word nie voorsien van die nodige klere, en ander benodigdhede nie. Daar is ‘n voedingskema by die skool.

Die grootste behoefte is egter swart skoolskoene. Dikwels is die kinders se skoolskoene ook die enigste skoene wat hulle besit.

Ons het dus die volgende versoek : As jy vir jou kind nuwe skoolskoene aanskaf, en daar is nie ‘n jonger kind wat dit moet erf nie, sal jy asseblief die skoene Kinderkerk of kerkkantoor toe bring? Ons sal dan sorg dat dit by die Bottelary skool versprei word.

Groete. Riëtta Odendal, Organiseerder : Kinderkerk

BESOEK AAN PLANETARIUM

Die Senior Burgerklub se besoek aan die Planetarium was ‘n grootse ervaring. Ons het opnuut die Grootheid en die Almag van God ervaar. In genade het Hy ons as nietige mense lief!

HULP MET BEGRAFNISSE

Ons is op soek na lidmate wat bereid is om van tyd tot tyd te help om broodjies te maak vir ‘n begrafnis wanneer daar vanuit die betrokke wyk nie voldoende broodjies gekry kan word nie. Ons benodig ook soms hulp met die bediening van die tee.

Indien jy op dié manier betrokke wil raak by die kerk se werksaamhede, skakel asb met die kerkkantoor sodat ons jou naam op die lys van vrywilliges kan plaas.

JUNIOR KERKRAAD - FLIEKAAND

Die Junior Kerkraad (Jeug kommissie) bied op Vrydag 30 November 2018 ‘n fliekaand hier aan. ‘n Reuse skerm word op die parkeerterrein opgeslaan en almal geniet die fliek GREASE saam in die buitelug. Heerlike verversings sal te koop wees. Kaartjies teen slegs R60 is by die kerkkantoor beskikbaar.

Sien die plakkate op die kennisgewingsbord vir meer inligting.

PREEKSKETS 25 NOVEMBER 2018

PREDIKER: DS. JANDRé VILJOEN

TEMA: THE KISS OF LIFE!

VOTUM: **1 JOH 1:5 (GOD IS LIG)**
WET: **1 JOH 2:29 (GOD IS REGVERDIG)**
SKRIFLESING: **1 JOH 4:7-11 (GOD IS LIEFDE)**

God wil baie keer, deur ons, kom lewe blaas in die wêreld. Maar om iets van hierdie aksie te verstaan, moet ons vanoggend deur die teks die volgende besef:

1) God is die oorsprong van liefde

Johannes kom herinner ons vanoggend dat God die oorsprong van liefde is. Liefde se bestaan en voortbestaan kom van God en word gebore deur God.

2) God se liefde is 'n refleksie

Deur hierdie besef dat God liefde is, moet God se liefde 'n refleksie deur ons raak. Hierdie liefde is ook 'n refleksie van wat in ons hart leef. Hoe ons optree en wat ons doen is 'n refleksie van wat ons glo van, "*God is liefde!*"

3) God se liefde is kreatief

Ek wil nie te veel uitbrei hieroor nie, want Hannes het so twee weke terug baie hieroor gesê. Liefde se kreatiwiteit lê dan juis ook in die manier hoe ons dit leef. Vers 11 in vanoggend se skrifgedeelte som dit vir my so baie mooi op: *"Geliefdes, as dit is hoe God sy liefde aan ons bewys het, behoort ons mekaar ook lief te hê."*

UITSTUURLIED : Lied 471